




Pienk rooshandsak.



Maak dié rooshandsak vir prettige dae of formeler geleenthede en spog dié somer met jou eie handewerk

# 'n Handsak vol rosies

## Pienk rooshandsak

### MATE

Die rooshandsak is 15 cm x 15 cm en het 'n binnesakkie. Een grootte met 'n 13 mm-naattoelating (1,3 cm).

### BENODIGDHEDE

materiaal geskik vir handsak: tafsy, dupronsy, sneespapiersy of brokaat.  
1,3 m materiaal (115 cm breed) óf 1,0 m materiaal (150 cm breed) van jou keuse  
0,5 m smeltbare tussenvoering (51 cm of 61 cm breed) van jou keuse  
30 cm-ritssluiters  
38 cm x 61 cm x 6 mm-spons  
1,5 m koord (10 mm)

### AANWYSINGS

1. **Sny uit.** Trek blokke van 10 x 10 cm op koerantpapier en trek patroon af OF vergroot die patroon op die fotostaatmasjien met 200% en vergroot dié vergroting weer met 200%. Elke blokkie sal dan 1 cm groot wees.
2. Knip die patrone uit en lê dit op materiaal en voering uit. Steek vas met spelde en knip aangeduide dele van elk uit. Let wel: Die binnesak moet op die vou gesny word.
3. Steek elke tussenvoering aan bypassende materiaaldeel (patroondeel 1, 2, 3) se verkeerde kant vas en stryk volgens die vervaardiger se aanwysings vas. Ongevoerde materiaal dele sal as binnevoering gebruik word.
4. **Ritssluiters.** Steek gevoerde KANT 1, regte kante opmekaar, aan eindpunte van geslote ritssluiters vas. Pas groot kolle opmekaar op ritssluiterpunte en stik vas. Keer uit en bostik 6 mm van die naat.
5. Verstewig onderste rand van SAK 2 deur 2 klein kolle. Knip tot by klein kolle.
6. **Sak.** Steek ritssluiters en KANT 1, regte kante opmekaar, aan een gevoerde SAK 2 vas. Plaas die middelnaat van die ritssluiters op die soomlyn en hou die kante, soom en ritssluiters, gelyk. Ryg vas en stik met 'n ritstvoetstuk in plek. Pars soom na sak. Stik ander kant van ritssluiters en

KANT 1 aan ander gevoerde SAK 2 vas.

7. Maak rits oop, dop beursie uit en stik, regte kante opmekaar, aan gevoerde BOOM 3 vas. Draai by die klein kolle.

8. **Handvatsels.** Sny koord in twee 71 cm-stroke vir die twee handvatsels. Sit koord, een van die twee punte gelyk met materiaal, op HANDVATSEL 4 en vou materiaal oor. Stik lang nate saam, styf teen koord, met 'n ritstvoetstuk vas. Sny die soom weg en dop om.

9. Steek handvatsels (punte na bo) aan SAK 2 vas. Stik vas en sny soom tot 6 mm weg en vou handvatseel oor. Stik 6 mm van onderste soom in plek.


10. **Rose.** Sny BLOM 5 op snylyne uit. Werk die 52 blomme soos volg uit: Vou een blompunt 6 mm om en pars. Vou blom lengtegewys dubbel, verkeerde kante opmekaar, en rol blom drie keer om om middelpunt van blom te vorm.

11. Sny spons in 52 stroke - 6 mm x 23 cm. Sit spons tussen twee materiaal kante van elke blom. Ryg onderste soom, 6 mm, en trek styf in. Knoop gare in plek. Begin by geroelde blom middelpunt en rol styf op terwyl die blom vasgewerk word. Werk 26 blomme aan elke sakkant, dig teen mekaar, vas.

12. **Binnesak.** Met regte kante opmekaar, vou BINNESAK 6 in die helfte en stik oop some toe, maar hou 'n klein opening oop om die sak uit te dop. Dop uit, pars en werk opening met glipsteek toe. Steek binnesak aan een materiaalvoering SAK 2 vas en pas klein kolle opmekaar. Stik naby aan rand van binnesak vas.

13. **Binnevoering.** Verstewig onderste rand van ongevoerde SAK 2 deur 2 klein kolle. Knip tot by klein kolle. Vou boonste soom van ongevoerde KANT 1 om en bostik 6 mm van die soom. Stik binnevoering, regte kante opmekaar, aan mekaar vas tot by groot kolle. Pars some na sak. Stik sak aan BOOM 3 vas, draai by die klein kolle. Vou oop nate bokant groot kolle om en pars.

14. Steek binnevoering, verkeerde kante opmekaar, aan sak vas en slipsteek binnevoering aan ritssluiters vas. Dop sak uit. Vou en pars soom van kante LUS 7 en vou, regte kante opmekaar, lengtegewys dubbel. Stik lang soom, dop uit en slipsteek kante toe. Ryg deur ritssluiterpunt en knoop punt vas. □



## NET VIR JOU

Die einde van die jaar met al die aandgeleenthede lê voor en só 'n handsakkie kan net handig te pas kom. Butterick- en Vogue-patrone voorsien ook bybehore vir hul klerepatrone. Vogue-patroonpakket 7189 het die oulikste handsakkies en mantels vol rosies (sien foto's op vorige bladsy) en ons gee van dié patrone weg. Twee honderd lesers kan elk dié patroonpakket ontvang. Stuur jou naam, adres en telefoonnommer op 'n poskaart of agterop 'n toegeplakte koevert aan **rooi rose**/Vogue-rooshandsak, Posbus 57453, Springfield, 2137.